

# Donderdag 15 Julie

Skrifgedeelte: Miga 4:8-14

Fokusgedeelte: Miga 4:8

## Huidige nood, later bevryding

Dit gebeur dikwels in 'n mens se lewe dat donker tye uitsigloosheid meebring in ons gemoed: liggaamlike of geestelike gesondheid wat verswak en selfs ingee, 'n finansiële krisis, 'n teleurstelling ...

Wat is die troos en bemoediging wat die Here se Woord ons bied? Die Geesvervulde profeet Miga, as tolk van God, bring aan Israel 'n bemoedigende boodskap: Dit is onafwendbaar dat Jerusalem ingeneem word en dat die volk in ballingskap gaan. Vir die volk van die Here sal dit swaar gaan onder 'n vreemde regering. Die stad moet deur pyn en vernedering gaan, maar dit beteken nie die einde nie. Die Here sal 'n nuwe toekoms vir sy volk laat aanbreek. Hulle sal weer terugkeer uit ballingskap.

Tans is Jerusalem verlate, maar Sion, die Godstad, sal weer 'n ereplek onder die stede van die wêreld inneem. Die beloftes van herstel sal vervul word met die koms van die Messias. Dit sal wees soos 'n vrou wat 'n kind in die wêreld bring. Die geboorte gaan met pyn gepaard, maar as die kindjie gebore is, is die vreugde soveel meer as die geboortepyne. So gaan Jerusalem vanweë die ballingskap in geboortepyne. Maar die Here sal nuwe lewe wek soos 'n vrou wat geboorte skenk aan 'n welgeskape kindjie.

Eers die smeltkroes, dan verlossing. 1 Petrus 1:6, 7: Die egtheid van ons geloof word getoets deur die vuur van beproewinge, sodat dit lof en heerlijkheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Jesus Christus. Die lyding wat ons nou moet verduur, weeg nie op teen die heerlijkheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie (Rom. 8:18).

Soos Jerusalem wat ná die ballingskap deur God herstel sal word, herstel die Here ook ons tydelike verliese tot Goddelike winste. Dit bring die goeie vrug van vrede mee as ons deur die loutering gevorm is (Heb. 12:11).

*Sing: Psalm 116-1:1, 2*

*Ds. NJ van der Walt (Nic) (Emeritus)*